higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

## ALGEMENE GASVRYHEID
## NKR VLAK 4

(11011004)

**20 November 2019 (X-Vraestel)**
**09:00–12:00**

**Sakrekenaars mag gebruik word.**

**Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye en 1 bylae.**

Kopiereg voorbehou

**TYD: 3 UUR**
**PUNTE: 200**

---

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.

5. Skryf netjies en leesbaar.

---

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A

### VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.18) in jou ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 ALLE bouplanne moet aan die toepaslike veiligheidskodes voldoen wat deur die … vasgestel is.

A plaaslike munisipaliteit
B argitekte
C Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde
D Departement van Arbeid (1)

1.1.2 Watter eksterne spesialis is vir die jaarlikse inspeksie van brandblussers verantwoordelik?

A Veiligheidsverteenwoordiger
B Personeel van die Brandafdeling
C Instandhoudingsbestuurder
D Algemene bestuurder (1)

1.1.3 Vloeistofbrandblussers is geskik vir brande wat deur … veroorsaak word.

A brandbare materiaal soos hout, materiaal of papier
B petrol en hout
C verf, petrol of paraffien
D olie, vet of ghries (1)

1.1.4 Die brandontruimingsinligting kan aan 'n algemene werker gekommunikeer/getoon word deur …

A fisiese afskrifte van die gebou se uitleg te voorsien, waarop besonderhede van ontsnappingsroetes en so meer bygevoeg kan word.
B afskrifte van die gebou se uitleg te skandeer en per e-pos aan hulle te stuur.
C 'n formele werkswinkel met behulp van PowerPoint-aanbiedinge te hou en aanlyn kursusse aan te bied.
D grafika in Excel te gebruik om hulle te help om die inligting duideliker te verstaan. (1)

1.1.5 As 'n spaghettibolonaise-resep 36 porsies lewer en 'n restaurant die resep tot 9 porsies wil verminder, is die faktor …

A 4.
B 27.
C 6.
D 0,25. (2)

1.1.6 As die koste van 'n geroosterdebieftoebroodjie R18,90 is en die vereiste bruto wins 60% is, is die verkoopsprys daarvan …

A R31,50.
B R47,25.
C R56,70.
D R113,40. (2)

1.1.7 Wanneer 'n skonresep gewysig word, moet jy die volgende in aanmerking neem:

A Lei personeel op om 'n salmander te gebruik.
B Gebruik ingewikkelde braaimetodes.
C Sorg vir voldoende stoomtoerusting.
D Verkry die korrekte bestanddele. (1)

1.1.8 Vaardigheidsontwikkelingsbedrywighede kan omskryf word as ...

A die kans om aan aktiwiteite deel te neem.
B die gehalte van 'n werkslewe.
C enige aktiwiteite wat tot gevolg het dat een of 'n faset van 'n mens se ontwikkelingsbehoeftes ontwikkel word.
D 'n dimensie van werksbevrediging. (1)

1.1.9 'n Persoonlikeverbeteringsplan …

A sluit optredes in om jou slegs op 'n bestuursposisie voor te berei.
B word slegs opgestel deur die persoon wat die ontwikkeling deurloop.
C sluit herhaaltake in wat die personeellid met meer vaardighede toerus.
D sluit besprekings tussen die portuurgroep en die personeellid in. (1)

1.1.10 Wanneer 'n mens jou verbeteringsplan aanpas, moet die volgende vermy word:

A Steun op die maatskappy om die probleem op te los.
B Wees op die uitkyk na nuwe opleidingsgeleenthede.
C Soek na bestaande gebeurlikheidsplanne.
D Wees bewus van eksterne en interne faktore wat verander is. (1)

1.1.11 Algemene eienskappe van suksesvolle, selfgeëmplojeerde individue omsluit …

A die vermoë om hul tyd effektief te gebruik.
B die vermoë om besluite effektief te neem, ten spyte van 'n onseker vaste inkomste.
C dat hulle 'n beter inkomste, kleiner lewensgehalte en meer vryheid het.
D die vermoë om logies te wees, tyd goed te organiseer en maklik by krisissituasies aan te pas. (1)

1.1.12 Indien 'n produk ná 'n spesifieke tydperk 'n lewensvatbare sakegeleentheid word, is die rede moontlik dat …

A die mark versadig is.
B dit moeilik is om klante se behoeftes te assesseer.
C die mark vir die bepaalde produk ontwikkel is en gegroei het.
D mense 'n probleem met die produk ondervind. (1)

1.1.13 Om iets of iemand te gradeer, kan beteken …

A dat iets oorweeg of ondersoek word om die mate van belangrikheid in verhouding tot ander groepslede te beoordeel.
B dat iets oorweeg of ondersoek word om die waarde, gehalte en belangrikheid daarvan te beoordeel.
C om te besluit of iets gedoen kan word of nie.
D dat dit 'n voortgesette proses is wat aangepas moet word. (1)

1.1.14 Om 'n werknemer se individuele sterkpunte en swakhede te assesseer, kan 'n mens 'n … gebruik.

A persoonlikheidsassesseringstoets
B persoonlike evalueringstoets
C intelligensiekwosiënttoets
D loopbaanvoorligtingstoets (1)

1.1.15 Hul dieetreëls is meer deel van 'n lewensfilosofie as van 'n godsdienstige leerstelling:

A Moslems
B Jode
C Katolieke
D Boeddhiste (1)

1.1.16 'n Proses wat 'n maatskappy se algehele sukses opbou terwyl dit 'n positiewe uitwerking op al die werknemers het:

A Prestasiewerkswinkel vir die maatskappy
B Spanbou slegs vir administratiewe personeel
C Maatskappyopname vir algemene werkers
D Kantoorpartytjies vir individuele afdelings (1)

1.1.17 Huishoudelike produkte soos bleikmiddels, plaagdoders en bytsoda kan hierdie soort brandwond veroorsaak:

A Vlamgebaseerde brandwond
B Chemiesgebaseerde brandwond
C Vriesbrandwond
D Elementgebaseerde brandwond (1)

1.1.18 Die dampe van … is onsigbaar, maar die teenwoordigheid daarvan kan vinnig weens die sterk reuk daarvan opgespoor word. Dit kan ook maklik brande veroorsaak.

A ammoniak
B chloor
C 'n bleikmiddel
D vloeibare petroleumgas (1)

(20)

1.2 Kies 'n item uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in jou ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.2.1 | Slegs 'n klein persentasie van hulle word miljoenêrs (van lompe tot luukse) | A | entrepreneurs |
| | | B | aanvangskoste |
| 1.2.2 | Daar word slegs 'n 20 jaar-beskerming van eksklusiewe regte aan die uitvinder toegestaan | C | handelskoue |
| | | D | kopiereg |
| 1.2.3 | Sluit marktoegangsdienste, die opstel van kontrakte, mentorskap, ens, in | E | patent |
| | | F | finansiële jaarverslae |
| 1.2.4 | Om te verseker dat fisiese en e-posadresse en telefoonnommers korrek is | G | kontrolering vir akkuraatheid |
| 1.2.5 | Word aangegaan wanneer jy met 'n onderneming begin | | |

(5 × 1) (5)

1.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.15) in jou ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 Een van die hooffunksies van 'n veiligheidsverteenwoordiger is om inspeksies van alle suigeenhede in die kombuis uit te voer.

1.3.2 'n Poeierbrandblusser kan, wanneer dit binnenshuis gebruik word, jou visie belemmer of goedere en masjinerie beskadig.

1.3.3 Ontruimingsplanne moet op onopsigtelike plekke en in al die kamers van 'n hotel opgesit word.

1.3.4 Gebruik chemikalieë slegs in goed geventileerde ruimtes en nooit naby 'n oop vlam nie.

1.3.5 Voordat enige opleiding deurloop kan word, moet 'n organisasie opleidingsbehoeftes identifiseer op grond van sy personeel se werksverrigting.

1.3.6 Die prestasieterugvoeringsoorsigvergadering moet 'n eenrigtingbespreking tussen die werknemer en die bestuurder wees.

1.3.7 'n Spyskaart wat in 'n personeelkafee vertoon word, dui gewoonlik items aan wat tot en met 'n sekere tyd van die dag beskikbaar is.

1.3.8 Eksotiese of ongewone bestanddele kan gebruik word om 'n ander geur of 'n opvallende garnering te voorsien.

1.3.9 As entrepreneur kan jou verantwoordelikhede en pligte lei tot 'n onvermoë om konstant met klante in wisselwerking te tree.

1.3.10 Om die regte alternatiewe keuse van werk te maak, moet jy 'n werksgeleentheid of loopbaan kies wat slegs beperkte opsies en geleenthede bied.

1.3.11 Die doel van 'n diabeetdieet is om 'n normale bloedsuikervlak deurgaans in die dag te handhaaf.

1.3.12 Deurdat jy met gaste kommunikeer om 'n gesprek oor jou aanbieding of voedselstyl aan te moedig, kan verkope bevorder word.

1.3.13 Ontruimingsoefeninge moet jaarliks gedoen word.

1.3.14 Toestelle moet gereeld versien word om die volgehoue veilige werking daarvan te verseker.

1.3.15 Ontwikkelingsvoorligting behels dat die bestuurder vaardighede en kennis oordra en rigting oor die algemeen voorsien.

(15 × 1) (15)

1.4 Gee EEN woord of frase vir elkeen van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord of frase langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.10) in jou ANTWOORDBOEK neer.

1.4.1 Dit is 'n bykomende dokument wat die leser van 'n sakeplan dalk sal wil raadpleeg.

1.4.2 'n Personeellid kan versoek word om 'n diepgaande studie van 'n probleem in enige area van die gasvryheidsbedryf te maak.

1.4.3 Die konstante veranderinge in die voedselsektor dwing 'n suksesvolle onderneming in die kommersiële voedseldiens om tred te hou met hierdie veranderinge.

1.4.4 Implementeer strategieë om personeellede in die gasvryheids-bedryf, wat aan hierdie siekte ly, op te voed en bewus te maak.

1.4.5 Die doel van hierdie wet is om voorsiening te maak vir die gesondheid en veiligheid van persone by die werk, veral wanneer hulle toerusting en masjinerie by die werksplek gebruik.

1.4.6 'n Mens moet jaarliks maatskappyinkomstebelasting aan hierdie instelling betaal.

1.4.7 Jy het hierdie soort plan nodig as jou planne in die toekoms verander.

1.4.8 Dit is 'n peulgroente wat kleur aan 'n bord met vis, aartappelskyfies en wortels verleen.

1.4.9 Dit is die optrede of die proses waarvolgens alle mense in kennis gestel word om 'n gebou te verlaat wat onveilig geword het.

1.4.10 Personeel het hierdie soort maatskappy-ID-kaarte nodig om toegang tot personeelareas te verkry.

(10 × 1) (10)
**[50]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: 50**

## AFDELING B

### VRAAG 2

2.1 Beskryf VYF veiligheidsprosedures betreffende die toegang van gaste en personeel wat in enige gasvryheidsorganisasie gehandhaaf moet word. (5)

2.2 Noem VYF sekuriteitshulpbronne op wat gebruik kan word vir toegangsbeheer by die deure van 'n pakkamer. (5)

2.3 Gevare kan op enige plek in enige organisasie voorkom, insluitende in die HUB se kantoor.

2.3.1 Stel metodes/praktyke voor wat skoonmaakpersoneel kan volg om gevare te vermy of om potensiële gevare in die HUB se kantoor te beheer. (5)

2.3.2 Wat sal die gevolge wees as jy nie die metodes volg wat in VRAAG 2.3.1 voorgestel word nie? (3)

2.4 Watter stappe moet uitgevoer word wanneer die HUB se kantoor ontruim word as 'n brand tydens 'n vergadering in sy/haar kantoor ontstaan? (5)

2.5 'n Brandnoodgeval ontstaan in die ontvangsarea.

Watter inligting moet die uitvoerende bestuur oor die situasie ontvang? (5)

2.6 Stel 'n brandvoorkomings- en veiligheidskontrolelys vir die ontvangsarea op wat 'n veiligheidsamptenaar kan gebruik om enige toekomstige brandnoodgevalle te voorkom/te beheer. (7)

2.7 Gereelde veiligheidsinspeksies en die nagaan van brandbestrydings-toerusting moet uitgevoer word om brande te voorkom.

Wat kan die moontlike gevolge wees as inspeksies nie as noodsaaklike praktyk vir gesondheid en veiligheid gehanteer word nie? (5)
**[40]**

### VRAAG 3

| |
|---|
| Voordat enige sakelening goedgekeur kan word, vereis 'n bank 'n gedetailleerde sakeplan as versekering dat die bank beslis sy geld gaan terugkry. |

3.1 Vergelyk die TWEE planne wat deel van 'n sakeplan uitmaak. Tabuleer jou antwoord om die vergelyking te toon.

3.1.1 Finansiële plan

3.1.2 Bemarkingsplan

(8)

3.2 'n Sakegeleentheid/-idee kan uit enige inspirasie of behoefte ontstaan.

3.2.1 Watter VYF bronne kan jy gebruik om sakegeleenthede/-idees in die gasvryheidsektor te help ontwikkel? (5)

3.2.2 Wat moet 'n mens in aanmerking neem wanneer jy die navorsing in VRAAG 3.2.1 uitvoer? (4)

3.3 Enige persoon wat met 'n onderneming wil begin, moet een soort sakemodel kies wat die beste by hulle sal pas.

Toon die verskil tussen die volgende sakemodelle deur die inligting wat in die tabel hier onder uiteengesit word, in jou ANTWOORDBOEK te kopieer en te voltooi.

| **SAKE-MODELLE** | **AANTAL LEDE** | **REGISTRASIE** | **KAPITAAL-BYDRAE** | **WINSDELING** |
|---|---|---|---|---|
| Eenmansaak | | | | |
| Beslote korporasie | | | | |
| Vennootskap | | | | |

(12 × 1) (12)

3.4 Om 'n selfgeëmplojeerde entrepreneur te wees, kan uiters baie druk veroorsaak omdat entrepreneurs hul ondernemings op hul eie bedryf.

Beskryf SES moontlike redes dat 'n entrepreneur druk ondervind terwyl hulle hul onderneming bedryf. (6)

**[35]**

## VRAAG 4

Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

**DIE KUNS VAN KOOK: 'N VERTERENDE PASSIE**

Baie dinge het vir mnr Simphiwe Siyata verander sedert sy oupa hom in die kuns van kook oor 'n oop vuur onderrig het. Hierdie restaurantkok wat in Gugulethu gebore is, word nou as professionele sjef beskou nadat hy die Woolworths Taste and Eat Out-beurs gewen het. Toe mnr Siyata 'n loopbaan moes kies, was kook nie 'n opsie nie. Dit is eers toe sy gesin finansieel begin sukkel het, dat hy sy ingenieurstudie gestaak en in 'n professionele kombuis begin werk het. Hy het as kombuisportier by 'n restaurant in Kaapstad gewerk en etes vir die personeel gekook. Die sjef het opgemerk dat hy dit geniet om te kook en het vervolgens sy mentor geword. Dit is juis vanweë sy mentor se inspirasie dat mnr Siyata vir die Woolworths-sjefkompetisie inskryf – en dit later op 30-jarige ouderdom wen. Sodra hy met behulp van die beurs as sous-sjef by Silwood Kitchen kwalifiseer, sal sy salaris verhoog en kan hy sy aantal skofte verminder.

[Bron: Aangepas uit *Cape Argus: Job Shop*]

4.1 Wat is mnr Siyata se langtermyndoel? (1)

4.2 Beskryf breedvoerig hoe mnr Siyata weens veranderinge in sy omstandighede sy planne vir die toekoms moes aanpas. (6)

4.3 Beskryf hoe 'n 'selfbeoordeling' mnr Siyata kan bevoordeel wanneer sy huidige prestasie geëvalueer moet word. (3)

4.4 Beveel VIER toepaslike hulpmiddels, buiten 'selfbeoordeling', aan wat die onderneming kan gebruik om mnr Siyata se prestasie te beoordeel. (4)

4.5 Hier onder volg 'n afskrif van mnr Siyata se ontwikkelingsplan.

| **Vaardigheid** | **Verwagte uitkomste** | **Opleidingsaktiwiteit** | **Opleidingswyse** | **Tydsraamwerk** | **Werksgeleentheid** | **Ondersteuningspersoon** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Sous-sjef: kookvaardighede | Verbeter kookvaardighede op 'n sous-sjefvlak | Kombuisvaardighede | Opleiding in kombuis en teoretiese opleiding | 1–2 jaar | Posisie van sous-sjef | Hoofsjef<br><br>Dosent by sjefskool |

Ontleed mnr Siyata se ontwikkelingsplan om vas te stel of die plan as sodanig geskik is om hom te help om sy doel te bereik. (5)

4.6 Noem SES vaardigheidsontwikkelingsgeleenthede wat mnr Siyata kan gebruik om sy langtermyndoel te bereik. (6)

4.7 Adviseer mnr Siyata oor hoe hy sy tyd kan organiseer ten einde meer effektief by die werk en in sy studie te kan wees. (5)

4.8 Waarom is dit vir mnr Siyata belangrik om sy ontwikkelingsplan aan die hoofsjef te kommunikeer? (5)

**[35]**

## VRAAG 5

5.1 Nie alle vegetariërs eet dieselfde soorte kos nie.

Vergelyk DRIE van die soorte vegetarisme deur die tabel hier onder in jou ANTWOORDBOEK te kopieer en te voltooi. Dui die soort voedsel aan wat elke dieet in gemeen het asook die voedsel wat eie aan elke soort dieet is.

| **Soort vegetarisme** | **Voedsel in gemeen** | **Voedsel eie aan die soort dieet** |
|---|---|---|
| Ovo-vegetariërs | | |
| Lakto-vegetariërs | | |
| Vegane | | |

(6 × 1) (6)

5.2 Konsekwentheid is belangrik wanneer geregte vir klante berei word.

Bespreek die aspekte wat sal bydra daartoe om dit in 'n gasvryheidsonderneming te bewerkstellig. (4)

5.3 Om koste laag te hou wanneer 'n spyskaart aangepas word, moet 'n mens die punte hier onder in aanmerking neem. Bespreek elke punt betreffende koste.

5.3.1 Aantal personeellede (2)

5.3.2 Kennis en vaardighede van die personeel (2)

5.3.3 Verskaffers (2)

5.3.4 Toerusting (2)

5.3.5 Tyd (2)

5.4 Bespreek die volgende stelling: 'Die ontvangsdame by 'n hotel moet ingesluit word wanneer die kombuispersoneel opleiding in nuwe geregte ontvang wat by die kamerbedienspyskaart bygevoeg word.' (5)

5.5 Lees die resep hier onder en beantwoord die vrae.

| **SPINASIEPANNEKOEKE** – lewer 6 porsies | |
|---|---|
| **Bestanddele** | **Prys per eenheid** |
| 1 × 300 g vars spinasie | R11,99 per bossie spinasie |
| 100 g fyngekapte uie | R8,99/kg |
| 125 g fyngerasperde Cheddarkaas | R44,99/400 g |
| 3 eiers | R54,95/18s |
| 1 mℓ gemaalde neutmuskaat | R32,00/100 mℓ |

5.5.1 Bereken die totale koste van die resep deur die BYLAE (aangeheg) te voltooi. Toon AL jou berekeninge. Haal die BYLAE uit die vraestel en lewer dit saam met jou ANTWOORDBOEK in. (12)

5.5.2 Kan 'n klant wat aan die Moslemgeloof behoort, die gereg hier bo eet? (1)

5.5.3 Gee 'n rede vir jou antwoord op VRAAG 5.5.2. (2)
**[40]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: 150**
**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou

**BYLAE** **EKSAMENNOMMER** | | | | | | | | | | | | | |

**VRAAG 5.5.1**

| **SPINASIEPANNEKOEKE** – lewer 6 porsies | **PRYS PER EENHEID** | **BEREKENINGE** | **TOTAAL, afgerond tot TWEE desimale** |
|---|---|---|---|
| 1 × 300 g vars spinasie | R11,99 per bossie spinasie | | |
| 100 g fyngekapte uie | R8,99/kg | | |
| 125 g fyngerasperde Cheddarkaas | R44,99/400 g | | |
| 3 eiers | R54,95/18s | | |
| 1 mℓ gemaalde neutmuskaat | R32,00/100 mℓ | | |
| | | Totaal | |
| | | Koste per porsie | |

Kopiereg voorbehou